

WEEK 11

’n Goeie koning en ’n slegte koning

ONS KAART

Op ons reis deur Josua en Rigters het ons gesien hoe baie Israel ’n koning benodig het. Ons het nie tyd om by die boek Rut stil te staan nie, maar dit is fassinerend om te sien dat dit eindig met Rut se stamboom. Wie se naam is laaste op daardie lys? Dit is Dawid sin (Rut. 4:18-22). Dit is waarom ons in die boeke van 1 en 2 Samuel gaan kyk na die koning genaamd Dawid. Israel het egter eers ’n verkeerde koers ingeslaan en hulle eie koning verkies, sy naam was Saul. Ons verhaal die week begin waar die profeet Samuel na ’n plaasvervanger vir Saul soek.

VERS VIR DIE WEEK: 1 Samuel 16:7: “Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, *sien God* nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die *HERE* sien die hart aan.”

MAANDAG

1 Samuel 16: 1-5: God verwerp die mense se Koning.

1. Waar sou Samuel God se koning vind (v.1)?

Onder die seuns van Isai

2. Wie kies ons leiers (v.3, Rom.13:1)?

God kies ons leiers

- God verwyder leiers en God kies leiers
- Vra God om goddelose leiers te verwyder en goddelike leiers op te rig

DINSDAG

1 Samuel 16:1-10: God kies die koning

1. Waarna kyk mense die meeste (v.7)?

Fisiese voorkoms

2. Waarna kyk God die meeste (v.7)?

Ons harte

- God is meer besorg oor hoe ons harte lyk as hoe ons lyk
- Bid dat God ons meer besorg sal maak oor hoe ons harte lyk as hoe ons vir ander lyk

WOENSDAG

1 Samuel 16:11-14

1. Wat het die Gees van die Here gedoen in vers 13?

Die Gees van die Here het oor Dawid gekom toe Samuel hom met olie gesalf het.

2. Wat gebeur wanneer God Sy Gees van ons af verwyder?

Dit maak die deur oop vir bese geeste om in te kom

- Ons benodig God se Gees om van bese geeste verlos te word
- Vra God om vir ons die Heilige Gees te gee sodat ons nooit deur bese geeste geteister word nie

DONDERDAG

1 Samuel 17:32 – 37: God se koning is dapper

1. Wie is die Filistyn (v.4,32)?

Goliath

2. Wie sal vir Dawid verlos van die Filistyn (v.37)?

Die Here wat hom vele kere in die verlede ook verlos het

- Maak nie saak hoe groot ons vyande is nie, God kan ons van hulle verlos
- Dank die Here vir verlossing wat Hy in die verlede bewerk het en vra Hom om ons te verlos van al ons vyande.

VRYDAG

1 Samuel 17: 41-49: God se koning veg teen boosheid

1. In wie se naam het Dawid na Goliath toe gekom (v.45)?

In die naam van die Here van die leëskares, die God van die slagordes van Israel

2. Wat is die gevolg wanneer God gevegte vir Sy volk wen (v.46-47)?

Almal sal weet dat daar 'n God is en dat Hy vir Sy mense veg

- God wat bekend word deur Sy vyande te verslaan word die beste bekend deur die kruis van Jesus Christus, waar Hy sonde, die dood en die duiwel oorwin het

- Vra God om Homself bekend te maak deur Sy vyande te verslaan

SATERDAG

1 Samuel 17: 50-54: God se koning wen

1. Wat het Dawid nie gebruik om Goliat te verslaan nie (v.50)?

'n Swaard

2. Wie is jou grootste vyand?

Die duiwel, ook bekend as Satan

- God kan die grootste wapen van Sy grootste vyande gebruik om hulle mee te verslaan, net soos hy die kruis van Christus gebruik het om sy groot geestelike vyande te verslaan (Kol. 2: 14-15).
- Dank God dat Hy die duiwel oorwin het aan die kruis

SONDAG

Lees die teksvers van die prediking vanoggend.

Wat het jy geleer oor God?

Wat het jy geleer oor sonde?

Wat het jy geleer oor Jesus?

Wat het jy geleer oor die lewe?

Wat was die groot les vir jou uit die preek?

Waartoe lei die preek ons om voor te bid?